# Akademiese protokol in die teologiese wetenskap

**L J S Steenkamp**
**Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting (Afd A)**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**Academic protocol in theological science**
*Academic protocol in theological science determines the guidelines according to which the theologian applies theology as science. There is an inevitable interaction between the theological practice of science and Christian existence. It isn't in the nature of theological science to communicate within an empty space, ignoring the contextual relevance of the Christian community. In this respect, theology should be practiced in a critically inquisitive manner, keeping scientific integrity as well as the context of the believing community in mind.*

## 1. INLEIDING

Die teoloog is vandag in 'n situasie wat besondere eise stel, maar terselfdertyd ook die potensiaal het om die teoloog tot 'n hoë graad van kreatiwiteit en navorsing te stimuleer. Die kernproblematiek van die hedendaagse teologie sou soos volg geformuleer kon word: wat presies gebeur in die proses van teorievorming waarin alledaagse geloofstaal getransformeer word tot teologiese insigte? Hierdie moeilike vraag impliseer dat die teoloog deur 'n proses van kreatiewe refleksie moet aantoon dat die teologie 'n integriteit eie aan die teologie het; 'n integriteit wat uiteenlopende dimensies van die postmoderne wêreld kan integreer en sodoende maksimale sin en betekenis daaraan kan gee.

Die aanvaarding van hierdie uitdaging lê daarin dat die teoloog op kritiese en kreatiewe wyse die basiese grondwaarhede van die Christelike geloof só struktureer dat die Christusboodskap hedendaagse mense eksistensieël aanspreek. Dit vereis die waagmoed en verantwoordelikheid om teologiese konsepte en denkmodelle tot op die uiterste grense van betekenismoontlikhede te ontgin. Die teoloog sal in die proses die dubbele binding aan sowel die Christelike geloof as die eise van die hedendaagse probleembewussyn op 'n positief-kritiese en konstruktiewe wyse moet integreer.

Die vraag na akademiese (navorsings) protokol in die toelogiese wetenskap, het enersyds in die lig van die hedendaagse probleembewussyn en andersyds die kerklike verantwoordelikheid van wesenlike belang geword. Die problematiek wat hier aan die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

orde gestel word, raak die onderrig van studente, navorsingsprogramme (wat ook adviese aan die kerk insluit) en die samestelling van inhoude en aanbieding van voortgesette teologie toerusting aan predikante. Akademiese tafelgesprekke binne die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria, gesprekke tydens die seminare van die Hermeneutiese Studiegroep, artikels in die *Hervormde Teologiese Studies*, gesprekke tydens teologiese simposia (byvoorbeeld die interdissiplinêre simposia tussen die Bybelwetenskap en sistematiese teologie waar die teoloë van die Fakulteit wat ook die teologie van die kerk in die wyer konteks van die teologiese wetenskap uitdra), maak die waagstuk oor 'n moontlike akademiese protokol vir die lede van die Fakulteit Teologie noodsaaklik. Een van die vrae wat in die opsig aan die orde kom, raak byvoorbeeld die saak aan of die teologiese wetenskap slegs moet besig wees met bloot beskrywende refleksie op die oorgelewerde stof van die verlede, waar die tradisie bloot nagesê of oorgesê moet word, en of daar ook ruimte moet wees om krities, bevraagtekenend met dié stof om te gaan. 'n Vraag wat hieruit na vore kom, is natuurlik of daar enige grense vir so 'n krities-bevraagtekenende ingesteldheid moet bestaan en indien wel, waar? Hierdie vrae bring natuurlik nie alleen die noodsaak aan 'n akademiese protokol na vore nie, maar het ook etiese implikasies vir die teoloog wat op 'n verantwoordbare wyse teologie wetenskaplik en tegelyk ook ter wille van die kerk wie dit ten dienste is, wil bedryf (Oberholzer 1994:27). Dit lyk my onontkombaar en verantwoordelik om die dubbele verantwoordelikheid dialekties te verstaan, naamlik dat teologie wat wetenskaplik bedryf word, terselfdertyd ook uiteindelik diensbaar vir die kerklike praktyk sal moet wees — die vrae en behoeftes van die gemeenskap (kerk) ten behoewe waarvan die teologiese wetenskap bedryf word, kan daarom net die beste gedien word deur 'n kritiese en bevraagtekenende wetenskaplike bedryf.

Hiermee word die eie aard van die teologie as wetenskap aangedui as 'n menslike bedryf wat net nuttig en tuis kan wees binne die ruimte van die mensegemeenskap (kerk) vir wie dit die eksistensiële lewensvraag oor God en mens stel en bedink. Tegelyk gebruik die teologiese wetenskap 'n kennisapparaat waarvan die belangrikste en diepste dimensie nie in die eerste plek empiries van aard is nie, maar belydenismatig ontvang word. Die laaste opmerking kan maklik misverstaan word as '*cripto*-konfessionalisme'. In konfessionalisme vorm (denomenasionele) konfessies 'n juridies afdwingbare *kanon* vir die *verstaans*proses, terwyl dit hier gaan om die (algemene en besondere) kerklike belydenisse as *oriëntasie*punte in die proses waarin ook die belydenisse self as kontekstuele produkte van die geloofsgeskiedenis van die kerk funksioneer en daarom krities-kreatief geresepteer moet word. Deist (1994:53-65) wys tereg daarop dat die teoloë van die Hervormde Kerk korrek was toe hulle in die beginjare van hulle teologiese fakulteit *teologie* wou bedryf, maar terselfdertyd nie aan 'n spesifieke belydenisskrif so 'n prominente plek wou gee, soos in die Gereformeerde tradisie nie, en die belydenisskrifte as 'n verstaans*tradisie* eerder as 'n verstaans*kanon* beskou het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die uitgesproke aanspraak van die Christelike geloof, naamlik dat dit op 'n eksklusiewe wyse Goeie Nuus vir alle mense wil wees, onthul 'n aanspraak op waarheid wat op geen wyse religieuse relativering in die sin van wat geglo word, sou kon verduur nie. Juis hierdie aanspraak van die Christelike geloof maak dit vir die teoloog, wat die teologiese denkarbeid met sowel intellektueel-kritiese geloofwaardigheid en persoonlike geloofsverbintenis wil beoefen, onmoontlik om die teologie as bloot die wakkerhou en herhaling van tradisie of onkritiese instemming van absolute koue waarhede in Platoniese sin te sien. Die pluraliteit van die werklikheid (meerkantigheid) waarmee die teologie werk, stel die teoloog juis voor die 'probleem' dat die Subjek, nie in subjek-objek relasie geken kan word nie, maar in 'n Subjek-subjek relasie waar die krities, ondersoekende mens God nooit kan besit nie. Teologie kan dus nooit van die aanspraak uitgaan dat dit oor dié waarheid beskik nie. Dit sou nie net uiting wees van 'n meerderwaardige houding nie maar ook bevestiging van 'n magsgeoriënteerdheid wat telkens in die geskiedenis van kerk en teologiebeoefening na vore gekom het. Teologie behoort daarom 'n krities-vraende aktiwiteit te wees waarin die nederige teoloog inderdaad buig voor die besef van die beperktheid van sowel eie insigte as die van die vadere. Juis dit sal altyd as aansporing dien om verder en dieper te speur en die verwondering te ervaar wanneer die rykdom van die werklikheid wat ondersoek word, uit verskillende kante ontdek word. Op hierdie wyse behoort daar gepoog te word om so noukeurig moontlik die waarheid te praat. Hierdie krities-kreatiewe ondersoek wat noodwendig bevraagtekenend van aard moet wees, word bewustelik deur die geloofstradisie waaruit die teologie voortkom, gedra sonder dat dit die slaaf van laasgenoemde word. Dan sou die teologiese tradisie immers die subjek van die teologiese wetenskap word.

Kenteoreties moet die teoloog bewus bly van die menslike aard van teologiese uitsprake en hipoteses. Hierdie uitsprake is slegs by benadering waar en vertoon altyd 'n sekere voorlopigheid en is daarom begrens en korrigeerbaar. Dit is so omdat die Goddelike werklikheid in ons teologiese refleksie telkens weer alle begrips- en modelvorming oor Hom, vooruit is.

## 2. TEOLOGIE EN WETENSKAPSFILOSOFIE

Die proses van kritiese geloofsverantwoording veronderstel dat die teoloog bereid moet wees om oor eie denkprosesse te besin. Die teoloog word só gekonfronteer met die taak om die wese van sy geloof in verband te bring met die wetenskapsfilosofiese vraag na die aard van rasionaliteit as sodanig. Wetenskapsfilosofie oorweeg nie alleen krities die vooronderstellings van die wetenskap nie maar identifiseer ook die epistemologiese kriteria van goeie wetenskap, die problematiek rondom rasionaliteit, objektiwiteit,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

waarheid en die praktiese doelwitte van wetenskap. Met objektiwiteit, rasionaliteit en waarheid word hier nie gedink aan die positivistiese opvatting daaroor in die sin van onpersoonlike algemeengeldige verstaan nie, maar wel kontekstueel bepaal en as sodanig altyd met 'n *relasionele karakter*.

Histories beoordeel, het die eerste universiteite uit teologiese opleidings gegroei (Kaufmann 1991:267). Die probleem met teologie as wetenskap en die plek daarvan aan 'n universiteit, het onder invloed van die *logies-positivisme* 'n krisis in die vroeë jare van die twintigste eeu bereik. Baie van die eertydse teologiese antwoorde op vrae oor die nie-waarneembare werklikheid is deur die empiriese eis van die positivisme van verifikasie belaglik gemaak. Hierdie werklikheid is meer gesien as 'n blote projeksie van bygeloof, menslike begeerte en drome. Ayer (1974:59-60), byvoorbeeld, noem teologie misplaaste poësie.

Die logies-positivisme het by 'n aantal fisici, wiskundiges en filosowe gedurende die twintigerjare van die twintigste eeu ontstaan waar hulle, bekend as die *Wiener Kreis*, gereeld oor wetenskaplike vrae beraadslaag het. Hulle het bekende natuurwetenskaplike geleerdes soos Carnap, Reigenbach en filosowe soos Nagel, Hempel en Ayer ingesluit wat 'n baie groot invloed op die wetenskaplike denke van dié eeu sou uitoefen. Hulle het besondere klem op die empiriese waarneming gelê van waaruit hulle kenteoreties alle ware en betroubare kennis op een of ander wyse op sintuiglike ervaring gebaseer het (Pannenberg 1973:29-33).

Ironies is die feit dat juis die natuurwetenskappe die positivistiese wetenskapsopvatting as 'n onverdedigbare reduksie van die werklikheid begin sien het. Heisenberg (1969:199-120) wys daarop dat die logies-positivisme veranwoordelik is vir 'n proses van sinlediging van die wetenskap. Die gevaar van die verkeerde verstaan van die universaliteit van teologie as wetenskap saam met die skeeftrekking in die wetenskapsfilosofie deur die logies-positivisme, was meermale die oorsaak dat teologie in die leegte in gekommunikeer het. Die standaard reaksie van die teologie op die positivistiese wetenskapseise van die empiriese verifieerbaarheidskriterium, wat die navorsingsproses so logies, feitelik en waardevry as moontlik wou maak, was om dit volledig te verontagsaam deur die daarstelling van 'n eie esoteriese kerklike teologie. Op die wyse sou die teologie hierdeur egter sowel epistemologies as metodologies die strak struktuur van die positivistiese rasionaliteitsmodel tot sy eie maak.

Die historiese wending sedert Karl Popper en veral Thomas Kuhn het in 'n groot mate 'n einde aan die positivistiese rasionaliteitsbegrip gebring waar rasionaliteit met 'n algemeengeldige, waardevrye objektiwiteit gelykgestel is. Na Kuhn word rasionaliteit 'n eienskap van 'n *bepaalde gemeenskap* en is dit nie meer gesien as eienskap van reëls, riglyne of algemene wetmatighede nie. In Kuhn se latere werke beklemtoon hy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

egter wel universele wetenskaplike kenmerke in sy rasionaliteitsbegrip. Veral die feit dat objektiwiteit in wetenskaplike kennis egter nie meer berus op waardevrye, vir sigselfsprekende feite nie, maar omgebuig word tot intersubjektiewe ooreenstemming, gee aan Popper se rasionalisme 'n meer menslike gesig. Die probleem rondom die teologie se unieke 'objek' sowel as die teoloog se geloofsverbintenis word egter nie in die rasionaliteitsmodel van Popper opgelos nie. 'n Ingrypende wending ten opsigte van die begrippe rasionaliteit en objektiwiteit tree met die paradigmateorie van Thomas S Kuhn na vore. Rasionaliteit, as gemeenskaplike besit van 'n navorsingsgemeenskap, verkry in die paradigmateorie van Kuhn 'n volledig histories-sosiale karakter. Hierdie verruiming van die tradisionele rasionaliteitsmodel het betekenisvolle en ingrypende implikasies vir die teologie.

In die beginstadium van Kuhn se denke sien hy groei in wetenskaplike kennis nie meer akkumulatief in die sin van toevoeging van nuwe kennis tot die reeds bestaande *corpus* van wetenskaplike kennis nie. Wetenskaplike denke, as sosiaal-historiese aktiwiteit, ontwikkel volgens hom skokgewys deur ingrypende breuke waarin een visie plek maak vir 'n ander een. So 'n *paradigma* (dissiplinêre matriks) is volgens Kuhn 'n verwysingsraamwerk wat die navorser se grondoortuiginge en metafisiese uitgangspunte insluit. 'n Periode van *normale wetenskap* is volgens Kuhn 'n fase waarin wetenskaplike ondersoek binne die aanvaarbare kader van 'n bepaalde paradigma val. Dit word gekenmerk deur stabiliteit en ooreenstemming. So 'n periode kan egter 'n krisis raak wat tot 'n ingrypende breuk of *revolusie* kan lei wat die paradigma of ten minste dele daarvan betref (Kuhn 1970:206-208; vgl ook Van Huyssteen 1986:63-86). So 'n konseptuele verandering kan wel volgens Kuhn aansluiting by bestaande kennis vind. Die tradisie kan egter krities geherinterpreteer word, soos dit trouens dikwels in die ontwikkeling van die wetenskap gebeur het. Sulke revolusies of konseptuele veranderings wat die historiese perspektief van 'n groep verander, lei tot herinterpretasie van bestaande gegewens. Sulke konseptuele veranderings is nie net assosieerbaar met persone soos 'n Kopernikus, Newton, Darwin of Einstein nie — dit sou ook enige, nie so opvallende deurbrake op wetenskaplike gebied kon wees. So 'n periode word altyd voorafgegaan deur 'n periode van onrus waarin die lys van onopgeloste probleme bly groei totdat konseptuele verandering deurbreek word (*alternatiewe paradigma*) en weer 'n fase van normale wetenskap inlei.

Kuhn se sosiologiese fundering van wetenskaplike denke en die begrip paradigma beklemtoon dat wetenskaplike denke bepaal word deur *groepwaardes* en as sodanig 'n wetenskaplike wêreldbeskouing veronderstel. Normale wetenskap is dus 'n groepsaktiwiteit. 'n Paradigma word dus vir Kuhn bepaal deur die wyse waarop die wetenskaplike sy werklikheid sien, 'n sien wat nie deur 'n breë wêreldbeskoulike kyk op die werklikheid alleen bepaal word nie, maar ook deur die *grondoortuigings* van die wetenskaplike wat ook onvermydelik 'n rol speel in wetenskaplike denke.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 2.1 Implikasies vir 'n akademiese protokol in die teologiese wetenskap

* Wanneer daar binne die konteks van 'n paradigma probleme begin opduik en die paradigma begin wankel, word so 'n denkmodel dikwels onwetenskaplik gereduseer tot skerp afgebakende en presies geformuleerde reëls en wette. Dan word daar gewoonlik op die gesag van die bestaande paradigma staatgemaak wat ontaard in 'n outoritêre standpunt-teologie waar dié bepaalde denkmodel probleemloos na die Heilige Skrif herlei word.

* Die basis van 'n alternatiewe wetenskapsmodel wat die strak-empiries bepaalde positivistiese rasionaliteitsmodel finaal kan deurbreek, word hier gelê. Die dinamiese proses waardeur wetenskap (ook teologie) tot stand kom, word gelei deur 'n opeenvolging van *tradisie-gebonde fases*, afgewissel deur dikwels onverwagte nie-kumulatiewe breuke.

* Soos in die geval van die natuurwetenskappe hoef so 'n konseptuele verskuiwing nie alleen met prominente name soos dié van 'n Augustinus, 'n Calvyn, 'n Luther of 'n Barth geassosieer te word nie. In die teologie sal 'n nuwe idee of teorie (vergelyk byvoorbeeld oor die skeppingsverhaal, oor die historisiteit van persone soos Adam en Eva, outeurskap van sekere boeke, ensomeer) nooit *bloot as 'n feit in terme van verifieerbaarheid* belangrik wees nie.

* Die teologie as intellektuele aktiwiteit is as sosiologies-historiese bepaalde denkvorm altyd paradigmabepaald. Hier speel die *commitment* van die teoloog, die verbintenis aan 'n bepaalde integrale grondoortuiging 'n belangrike rol. Die teoloog is deur sy of haar grondoortuigings aan 'n bepaalde paradigma of tradisie histories verbonde. Teologiese refleksie is dus in hoofsaak altyd 'n groepgebaseerde (kerklike) aktiwiteit.

Die vraag wat in die lig van die wetenskapsfilosofiese denke beantwoord moet word, is of dit vir die teoloog enigsins moontlik is om vanuit 'n voor-teoretiese persoonlike geloofsverbintenis te dink sonder om irrasioneel en willekeurig terug te trek in bepaalde onbevraagde grondoortuigings? Is dit dus moontlik om vanuit 'n persoonlike geloofsverbintenis oor Jesus die Here te teologiseer? Dit gaan hier duidelik om veel meer as net 'n demonstrasie van 'n geldige aanpak van kontemporêre wetenskapsfilosofiese vraagstellings. Dit gaan hier om die intellektuele integriteit van die teologie wat as rasionele denkaktiwiteit geloofwaardige uitsprake oor God en sy verhouding tot die mens en die wêreld wil en moet maak.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Sonder om in besonderhede op die denke van Pannenberg in te gaan, is die volgende gedagte van belang vir die genoemde probleem. Pannenberg (1967:11-20) stel dat teologie altyd voltrek word binne die spanningsveld van twee skynbaar uiteenlopende tendense. Die teologie moet enersyds getrou wees aan die religieuse oorsprong daarvan, naamlik God geopenbaar in Jesus Christus soos betuig deur die Heilige Skrif. Andersyds het die teologie vanweë die feit dat dit oor God moet praat, 'n universele karakter. Hierdie universaliteit van die teologie vloei voort uit die feit dat die werklikheid in die omvattende totaliteit daarvan ten diepste nie sonder God verstaan sou kon word nie (Pannenberg 1967:11-12). Vir Pannenberg kan teologie dus nooit bloot en alleen as 'n positiewe kerklike teologie in afsondering van die res van die wetenskappe bestaan nie. Dit sou dan 'n soort *ghetto-teologie* word. Pannenberg (1973:170 wys verder daarop dat indien teologie op een of ander wyse van die *universum* van die wetenskappe aan die universiteit losgemaak sou word omdat dit vir teoloë om 'n onwetenskaplike en tipe outoriteitsgebonde esoteriese denke gaan, sou dit 'n ingrypende terugslag vir die Christelike waarheidsbewussyn wees. So 'n esoteriese waarheidsbegrip word feitlik deurgans begrond deur 'n vermeende selfvoldane greep op God, die Bybel en die belydenis uit te oefen.

Daar is reeds aangetoon dat die ou positivistiese ideaal van waardevrye, objektiewe kennis deur Popper en Kuhn omgebuig word na die eienskap van 'n bepaalde groep wat gerealiseer word deur onderlinge kritiek. Die geesverwantskap tussen Pannenberg (1973:75) en Kuhn blyk uit die opvatting dat 'n paradigma waarin die wetenskaplike (teoloog) leef, altyd meespeel binne die konteks van ontdekking.

Pannenberg (1973:266-299) protesteer teen enige vorm van redusering van die 'objek' van die teologie wat in die religieuse bewussyn van die individu gesetel is. Hy sien 'n eie samehangende objeksgebied vir die teologie in die antwoord dat die teologie die wetenskap van God is. Hiermee bedoel hy nie dat die teologie God self as objek bestudeer nie aangesien geen mens wetenskaplike aansprake oor God self kan maak nie. Wat die teologie egter oor God sê, kan nie in totale dissonansie met betrekking tot God staan nie. Wat oor God gesê word, moet rym met God se selfopenbaring. Volgens hom is die Christelike geloof vanselfsprekend afhanklik van die werklikheid van God en daarom kan geen teologie gesien word as 'n beperkte, verengde wetenskap van die Christendom nie. Volgens hom is die Godsbegrip inderdaad nader te bepaal. Indien God werklik is, is Hy die allesbepalende werklikheid. Alhoewel die Godsbegrip nie self direk aan 'n objek getoets of waar gemaak kan word nie, is dit nou wel moontlik om hierdie Godsopenbaring aan die eie implikasies daarvan te meet.

Vir Pannenberg (1973:317; vgl ook van Huysteen 1986:95-124) is die moeilike weg van die teologie eers werklik wetenskap van die Christendom wanneer dit ook op die breë gekonsipieerde wetenskap van God berus. Vir hom ontplooi die teologiese wetenskap dus onvermydelik in twee fases: naamlik eerstens as breër teologie van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

religieë wat tweedens 'n basis vorm vir 'n oorgang na 'n spesifieke Christelike teologie van die Christendom. Hy kies vir hierdie breër siening van teologie met die oog op 'n ontkonfessionalisering van die teologie. Die probleem bly egter steeds dat deur hierdie proses van ontkonfessionalisering 'n onbetrokke, objektiewe teoretiese samehang as konteks vir 'n wetenskaplike teologie van die religieë gekonstrueer word, terwyl die vraag van die verhouding van hierdie konteks tot die lewenssamehang en geloofsverbintenis van die individuele teoloog onbeantwoord bly.

### 2.2 Implikasies vir akademiese protokol in die teologiese wetenskap

* Die probleemvraag na God en vraag na die aard, struktuur en implikasies van teologiese uitsprake moet nie byvoorbaat dogmaties-ideologies verskans word teen kritiese gesprek nie, maar ten minste in beginsel vir diskussie *oop* bly.

* Volgens Pannenberg word teologie voltrek binne die spanningsveld van twee skynbaar uiteenlopende tendense, naamlik deur getrou te bly aan die religieuse oorsprong daarvan, God in Jesus Christus, en vervolgens moet teologie vanweë die feit dat dit oor God móét praat, 'n universele karakter behou.

* Wanneer teologie van die ***universum*** van wetenskappe losgemaak word, kan dit maklik ontaard in 'n soort *ghetto-teologie*. Só 'n teologie gaan dan volgens Pannenberg gewoonlik uit van 'n esoteriese waarheidsberip wat in 'n vermeende selfvoldane greep op God, die Bybel en die belydenis begrond word uit te oefen.

## 3. TEOLOGIE AS DEEL VAN DIE UNIVERSUM VAN WETENSKAPPE

Die integriteit en standaard van teologiebeoefening as wesenlike deel van kerkwees hang saam met die ruimte en vryheid wat aan die teologie gegun word om krities-innoverend betrokke te wees binne universele konteks. Die taak en funksie van teologie kan net uitgevoer word, indien dit deurlopend aan die universele forum van die teologiese gesprek getoets word.

Akademiese werksaamheid aan universiteite word oor die algemeen met doseerwerk, navorsingsaktiwiteite en voortgesette opleiding in verband gebring. Dit pas in by die vereistes wat deurgans geld in die internasionale akademiese gemeenskap van wetenskaplike denke wat gerig is op hoëvlak beroepsvoorbereiding. Die generering van nuwe kennis en die verkenningsgees wat die stukrag met die oog op nuwe wete vorm, word gebou op eerstens hoëvlak basiese navorsing en tweedens toegepaste navorsing wat in gemeenskapsdiens uitmond (NASOP 1987:3-10). Veral onder die in-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vloed van postmoderne denke het die klem sedert die tweede wêreldoorlog toegeneem naamlik, dat die *universum* van die wetenskappe soos dit aan universiteite funksioneer, moet beantwoord aan die eise van die gemeenskap (veral die kerk in die geval van teologie) ten opsigte van beroepsgerigte opleiding en deskundige diens met die oog op die bepaalde belangegroep (Habermas 1988:165-166). Wetenskaplike resultate moet dus nuttig en relevant wees vir die gemeenskap waarop dit gerig is. Met dié klem op die teologie toegepas, word verseker dat die akademie in die kerk teenwoordig bly. Die teenwoordigheid van die teologie in die midde van die kerk beteken in effek dat die akademie in elke faset van die kerk werksaam is, in die sin dat dit kerklike handelinge en praktyk help begelei en telkens weer krities toets.

Uit die perspektief van die *universum* van die wetenskap en van die kennisenseklopedie verdien die bestudering van godsdiens en geloof (Christelike) 'n gelykwaardige plek naas ander wetenskappe. Sonder die akademiese beoefening van teologie onderskryf die universiteit inderdaad 'n gereduseerde en redelike antikwariese kosmologie (Deist 1994:59).

Teologie se bestaansreg binne die *universalia* van die wetenskap lê nie net in die praktiese nut van die betrokke gemeenskapsdiens nie, maar ook in die bydrae wat dit tot relevante kennis, tot die algemene wetenskaplike insig in die totale werklikheid, maak.

### 3.1 Implikasie vir 'n akademiese protokol in die teologiese wetenskap:

* Teologiese wetenskapsbeoefening wat op die kennisvlak opereer, hoort in die seminaarkamers en navorsingsprogramme van die akademiese wetenskap. Dit impliseer gelyke status, volle verantwoordelikheid, onderlinge verweefdheid en kommunikasie met ander wetenskappe wat deel uitmaak van die *universum* van wetenskappe.

* Teologie, soos ook die kerk, behoort in die verband vanuit die universele gedefinieer te word. Teologie vir en in die kerk moet noodwendig die universele gerigtheid en aanspraak van God se Goeie Nuus aan alle mense en vir alle tye verteenwoordig. Teologie behou perspekteif op die waarheid alleen as universele teologie.

## 4. RELEVANSIE EN KONTEKSTUALITEIT IN DIE TEOLOGIESE WETENSKAP

In 'n eerste-wêreldse diagnose is die opvallende feit dat mense hulle bedreig voel deur die samelewing waarin hulle moet oorleef. Fisiese en sosiale faktore waarvan die mens



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

se eksistensie afhanklik is, het so wydlopend geword dat meeste daarvan buite die gewone mens se ervaringsveld lê. So moet daar noodwendig gesteun en vertrou word op ander se insigte. Die strukture van ons leefwêreld verander so dat min daarvan nog as kontant en stabiel ervaar word. Vir die teologie word die saak op 'n spits gedryf deur die behoud van 'n religieuse werklikheidsoriëntering gekoppel aan 'n verouderde wêreldbeeld (Marty 1984:207-220). In 'n derde-wêreldse konteks vergroot die probleem aansienlik deur armoede, intimidasie, chaotiese verstedeliking en die verdwyning van stamgebondenheid — die ruimte waarin hierdie mense sosiaal-religieus geborge was.

Die wesensaard van die teologie beklemtoon die kontekstualiteit en relevansie van die teologie veral ten opsigte van die grense en moontlikhede van die ontvangs van die Bybelboodskap en die situasie waarbinne kontestualisering plaasvind. Die teologie aanvaar sy hermeneutiese taak ook in gesprek met en korrigerend op die naïewe lees van die Bybel vanuit 'n bepaalde interpretasiemodel (Oberholzer 1994:33). Dit lê eenvoudig nie in die aard van die teologie om bo-oor mense wat in 'n tyd-ruimtelike situasie leef, in 'n leë ruimte in te kommunikeer nie. Kontekstualisering moet steeds daar begin waar die gesekulariseerde, postmoderne mens (eerste-wêrelds) en die inheemse mens (Afrika-mens) self gevorm word deur deur die Bybel en waar die Bybelteks met die gesekulariseerde, postmoderne konteks of met die inheemse konteks kommunikeer. Oberholzer (1994:34) wys daarop dat die universele aard van die teologie juis hier dringend op die agenda kom, as voortdurende evaluasie en korreksie van die inheemsgeworde teologie en natuurlik ook op 'n teologie wat reken met 'n postmoderne konteks.

Die klem wat daar in die wetenskap gekom het met die oog op die praktiese nuttigheidswaarde vir 'n betrokke gemeenskap beteken natuurlik nie dat basiese navorsing uit die oog verloor word nie. Basiese wetenskapsbeoefening bly steeds belangrik maar dan sal die vraag ook aan die resultate van daardie basiese navorsing telkens moet wees: wat kan daarmee gemaak word? Dit is wel moontlik dat die antwoord kan wees: niks. Die dialektiese verhouding tussen basiese navorsing en funksionele waarde vir 'n betrokke gemeenskap wat deur die betrokke wetenskap (die kerk in die geval van die teologie) bedien word, open uiteraard sinvolle geleenthede vir teologie as wetenskap.

### 4.1 Implikasies vir 'n akademiese protokol in die teologiese wetenskap:

* Uit hoofde van die universele aard van die teologie moet daar in die denkprosesse van wetenskaplike teologisering oor die grense van partikularisme beweeg word. Daaruit kan egter nie afgelei word dat teologie konteksvreemd kan opereer nie aangesien kerk 'n mensegemeenskap is wat in spesifieke situasies leef en werk, in spesifieke tale en begripsapparate kommunikeer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* Kerk as mensegemeenskap vra in die verband van die teologie relevansie in struktuur, in lied en liturgie, in boodskap en in kommunikasie. Die teologie sal in dié geval die volle eksistensiële drakrag van die teks, die lied en die kommunikasie van die Goeie Nuus, moet verdiskonteer met die oog op die praktykwording daarvan in die gemeenskap; die kerk. In die geval van 'n bepaalde teks gaan dit byvoorbeeld nie alleen om wat daar staan in terme van redelike insigte nie, maar ook oor watter *affek* en handeling die betrokke teks kommunikeer met die hoorder.

* Die konteks waarin die kerk en lidmate leef, vra na interpretasie ter wille van relevansie. Die interpretasie van die lewenskonteks waarin die teologie in beweeg en opereer, is deel van die hermeneutiek van Woord en belydenis wat albei hulle betekenis historiese saambring maar dit ook tegelyk in elke tyd en situasie ontvang. Die hermeneutiese aktiwiteit van die teologiese dissiplines het dus te doen met boodskap sowel as ontvangs van die boodskap.

* Die gerigtheid van die teologie as wetenskaplike bedryf moet egter nie *basiese navorsing* uitsluit nie, aangesien juis hieruit kosbare resultate in die verlede met die oog op gemeenskapsverryking na vore gekom het. Ook hierdie navorsing se resultate sal egter telkens aan die relevansie daarvan vir die gemeenskap, die kerk, getoets moet word. Dit kan nie anders as dat die uitkomste van die navorsing getoets sal moet word aan die bruikbaarheid daarvan vir die kerk nie.

## 5. DIE VERHOUDING TUSSEN TEOLOGIE EN KERK

Die kwaliteit van die teologie in 'n bepaalde kerk hang ten nouste af van die ruimte en vryheid wat deur die kerk aan die teologie gegun word om uitnemendheid te handhaaf in die breër universele konteks van teologie en wetenskapsbeoefening. Blootstelling aan die universele forum van teologiese navorsing en gesprek, ten spyte van verskillende aksente wat daar teengekom word, stel die teologie in staat om die funksie van omskrywing en taak van die kerk, goed uit te voer. Dit is immers een Bybel, een algemene kerk en een God waarvandaan die teologie uitgaan. Die intellektuele gesprek wat deur die teologie in die kerk gevoer word, maak die teologie in die midde van die kerk werksaam en teenwoordig. So word elke aspek van die kerk se werksaamheid teologies begelei en telkens weer krities getoets aan die Woord. Beide kerk en teologie gaan uit van die profiel van die mens voor God wat gevolglik aan albei dieselfde kurrikilum oplê (Oberholzer 1994:30). Kurrikulering met die oog op die funksie van die teologie in die kerk het die profiel van die lidmaat voor God in die oog, asook dié van die kerk as geloofsgemeenskap voor God. Daar is 'n onontwykbare wisselwerking tussen teolo-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

giese opleiding en nadenke en kerklike eksistensie. Dit maak natuurlik die impak van voortgesette opleiding belangrik aangesien dit ten doel het die begeleiding van ampsdraers in gemeentes met die oog op gespesialiseerde behoeftes van kerklike werk en daarmee saam die deurlopende bygehoue beoefening van die teologie in universele en wêreldwye konteks, wat toegespits word op die eie kerklike kerkwees. Aangesien alle predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan hierdie deurlopende teologiese naskoling deelneem, word daar gepoog om die akademie in die kerk teenwoordig te hou.

'n Vraag wat direk terugsny na teologiese opleiding en voortgesette opleiding, is of teologiese opleiding werklik anders as kerklik kan wees? Dit wil voorkom uit standpunte waarvan reeds kennis geneem is, naamlik dat Christelike teologie ten minste die Christelike geloof en godsdiens self moet verstaan om die kerkwees van die kerk te begelei en te evalueer. Die beginsel dat geloof en godsdiens op eie referensievlak van binne uit verstaan moet word, is geen nuwe gedagte nie. 'n Toonaangewende godsdienswetenskaplike soos Eliade (1969) lê sterk klem op die noodsaak dat godsdienstige sisteme van binne uit verstaan moet word. 'Van binne uit' in die Christelike teologie kan dan nie anders verstaan word as vanuit die Christelike geloof self nie — 'n geloof dat Jesus die Here is. Teologie wat as Christelike teologie wil deurgaan, kan nie vryswewend, 'n soort akademiese godsdienswetenskap wees nie. Dit is spesifiek 'n aktiwiteit van die godsdiens wat daaraan geboorte gee, maar dan óók tegelyk wetenskap tussen wetenskappe is aan die hand van universitêre kriteria.

Christelike teologie kan aan die hand van die insigte van veral Kuhn nooit 'n privaatbestaan voer nie, omdat dit die geloofs*gemeenskap* impliseer waarbinne dit leef, naamlik die kerk. Kerklike teologie kan natuurlik nie anders as om dit aan die kerklike belydenis te oriënteer nie. Dié opvatting oor teologiebeoefening kan met skeeftrekking, misverstaan word as *cripto-konfessionalisme* maar dit is in wese allesbehalwe konfessionalisme (Deist 1994:63). In konfessionalisme vorm (denomenasionele) konfessies 'n *juridiese afdwingbare kanon* vir die verstaansproses.

Kerklike teologie in die sin waarop die Hervormde Kerk dit van die begin van die universitêre opleiding van predikante gesien het, beskryf die algemene en besondere kerklike belydenisse as oriëntasiepunte (in die sin van verstaanstradisie) vir 'n proses waarin ook die belydenisse self as kontekstuele produkte van die geloofsgeskiedenis van die kerk gesien is. Dit sou daarom in die funksionering daarvan in kerk en teologie krities-kreatief geresepteer moet word. Toe Goddefroy daarop aangedring het dat teologiese opleiding van die predikante van die Hervormde kerk aan 'n universiteit moet plaasvind, was sy bedoeling nie een van kerklose teologie nie. Hy wou verseker dat Skrifnavorsing 'n bepaalde vryheid kon geniet omdat geen 'belijdenisskrift of formu-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

lier boven of nevens het onbedrieglike Woord des Heeren' kan staan nie (vgl Loader 1989). Die redaksie van die *HTS* (1943-44:1) bevestig hierdie standpunt: 'Die Heilige Skrif is tog die bron en norm van ons Godskennis ... Daar het in die geskiedenis van die Kerk altyd weer die gevaar ontstaan dat die Heilige Skrif van sy sentrale plek verdring word om plaas te maak vir menslike geskrifte in die vorm van belydenisse, konsiliebesluite ....' Engelbrecht (1945:8) voeg ook sy stem by die kommer wat in die verband uitgespreek is: 'Ek het gesê dat dr Kuyper die belydenis tot akkoord van kerklike gemeenskap maak ... en dat die neo-Calvinisme wat dit aanvaar ... (om) die Skrif ooreenkomstig hierdie 'akkoord' uit lê ... Die konsekwensie hiervan is noodwendig dat die Skrif aan die belydenis ondergeskik gemaak word'. Gemser (1944-45:49) se gebalanseerde siening van die verhouding Skrif-belydenis gee 'n rigtinggewende koers aan vir die Christelike teologie: '... Ons wil die Skrif liewer onbevange nader, nog gevange in die dwangbuis van die tog ook menslike leersisteme van 'n sogenaamde "gelowige" wetenskap, nòg in 'n oop hemp van 'n sogenaamde vrye, onbevooroordeelde, onderstellinglose wetenskap. Ons staan skepties teenoor altwee'.

Die standpunt wat deur die Hervormde teologie vanaf die vroegste jare van teologiese opleiding ingeneem is, lyk steeds 'n verantwoordbare standpunt te wees waar die belydenisskrifte as verstaans*tradisie* eerder as 'n verstaans*kanon* beskou is.

### 5.1 Implikasies vir 'n akademiese protokol in die teologiese wetenskap

* Teologie in die akademie beteken ook in die breë sin van die woord kerk in die akademie. As menslike bedryf wat vir 'n bepaalde gemeenskap, die kerk, die volle drakrag van sy eksistensie en roeping formuleer, maak die teologie voluit deel van die kerk se kerkwees. Die teologie en kerk doen dit vanuit die gegewens van die Woord en belydenis. Eersgenoemde staan dan in die sentrum, terwyl laasgenoemde as verstaantradisie (oriëntasiepunt) dien in teologiese navorsing en gesprek.

* Hierdie sogenaamde algehele of beslissende verbintenis van die Christelike geloof maak dit vir die teoloog — wat sy denkarbeid met sowel intellektuele geloofwaardigheid as vanuit 'n persoonlike geloofsverbintenis wil beoefen — onmoontlik om die teologie as bloot die onkritiese wakkerhou en herhaling van tradisie te sien. Inteendeel, goeie teologie behoort steeds 'n kreatiewe daad te wees: 'n kreatiewe gebeure waarin gepoog word om so noukeurig moontlik die waarheid te praat. Maar dan ook 'n kreatiewe daad wat bewustelik gedra word deur die tradisie van waaruit die teoloog voorkom, die eksplisiete afhanklikheid van die Jesus-gebeure wat hierdie tradisie oorspronklik geskep het, asook die geloofsoortuiging dat slegs deur begrip van hierdie gebeure die diepste sin van ons menslike bestaan ontsluit kan word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## Literatuurverwysings

Ayer, A J [1946] 1976. *Language, truth and logic*. Middlesex: Pelican Books.

Baumgartner, H W 1991. Von der Königin der Wissenschaften zu ihren Narren? Bemerkungen zur Frage, warum Theologie zur Universität unserer Tage gehort. *ThQ* 171, 278-299.

Berger, P L 1969. *The sacred canopy: Elements of a sociological theory of religion*. New York: Doubleday and Company.

Eliade, M 1969. *The quest: History and meaning in religion*. Chicago: University Press.

Engelbrecht, S P 1945. *Nieu-Calvinisme: Ontwikkeling en afwyking: 'n Woord van verweer*. Pretoria: J H de Bussy.

Gemser, B 1944-45. Die organiese eenheid van objektiewe Bybelondersoek. *HTS* 2, 49-65.

Habermas, J 1988. Die Idee der Universität — Lernprozesse, in Eigen, M et al, *Die idee der Universität*, 139-173. Berlin: Springer.

Heisenberg, W 1969. *Der Teil und das Ganze: Gespräche im Umkreis der Atomphysik*. München: Piper verlag.

Kaufmann, F-X 1991. Theologie zwischen Kirche und Universität. *ThQ 171,265-277.*

Kuhn, T S 1970. *The structure of scientific revolutions*. Chicago: University of Chicago Press.

Marty, M 1984. Paradigma im übergang von der Moderne zur Postmoderne, in Küng, H & Tracy, D, *Theolgie — Wohin?*, 1-27. Güterslch: Mohn.

Loader, J A 1989. Ontstaan en eerste periode van die Hervormde teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45, 412-437.

Pannenberg, W 1970. *Wissenchaftstheorie und Theologie*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.

——— 1989. Die Religion als Thema der Theologie. *ThQ* 169, 99-109.

Popper, K 1980. *Unended quest. An intellectual autobiography*. Glasgow: Fontana.

Van Huyssteen, J W V 1986. *Theologie as kritiese geloofsverantwoording*. Pretoria: RGN.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services